# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**AUGUSTUS 2013**

**PROEFEKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A : Opstel | (50) |
   | AFDELING B : Langer transaksionele teks | (30) |
   | AFDELING C : Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek ‘n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute
   AFDELING B : 40 minute
   AFDELING C : 30 minute

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***


**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.

1.1

## AS EK MAAR NET NA MY OUERS GELUISTER HET ...



[Uit: Image Library]

Jou ouers het jou gewaarsku om nie daardie dag by verkeerde vriende te kuier nie, maar jy wou nie luister nie. Toe gebeur daar iets waaroor jy nou baie jammer is.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel wat daardie dag saam met verkeerde vriende gebeur het en waarom jy nou so jammer is.

[50]

**OF**

1.2 ***BEHOORT VROUE EN MANS DIESELFDE SOORT WERK TE DOEN?***

Daar is werk wat net vir mans bedoel is en werk wat net vir vroue bedoel is.

Skryf 'n opstel waarin jy oor hierdie stelling argumenteer en sê of jy saamstem of nie.



[50]

**OF**

1.3 **VRIENDE**

Vriende het 'n groot invloed op 'n mens se lewe. Skryf 'n opstel oor die waarde van vriendskap.

Dink aan die volgende:

- Wie is jou vriende?
- Waarom is hulle belangrik?
- Is jy 'n goeie vriend/vriendin?

[50]

**OF**

1.4

**Drie wense vir die wereld ...**








As jy drie wense vir die wêreld kon wens, wat sou jy wens? Verduidelik in 'n opstel.

[50]

**OF**



1.5 RESPEK!

"Dit voel deesdae of die juniors nie dieselfde respek aan die seniors betoon soos ons dit moes doen toe ons juniors was nie," sê 'n matriekseun die ander dag.

Is dit hoe jy ook voel? Wat moet 'n mens doen om respek van ander te verdien of moet die juniors die seniors outomaties respekteer? Gee jou mening oor hierdie saak.

[50]

1.6 Kies **EEN** van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n **titel.** Jou opstel moet direk by die prent aansluit.

1.6.1



[50]

**OF**

1.6.2



[50]

**OF**

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A : 50**

**AFDELING B : LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan die skryfstuk neer.
- Onthou om te beplan en te redigeer voordat jy die finale poging neerskryf.
- Onthou om die getal woorde onderaan te skryf.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Madiba, of te wel, Nelson Mandela, ons oudpresident, is op die oomblik baie siek en die meeste van ons vrees dat sy einde naby is. Skryf aan hom 'n brief waarin jy hom beterskap toewens en hom bedank vir al sy toewyding en goeie werk wat hy vir Suid-Afrikaners gedoen het. Onthou om hom formeel en met respek aan te spreek.




[30]

**OF**

2.2 **SKOOLKOERANT ARTIKEL**




Elke jaar wil matriekleerders spesiale baadjies hê om anders te lyk as die res van die skool. Baie ouers kla dat dit te duur geword het.

Skryf 'n **artikel** vir jou skoolkoerant hieroor.

Gee jou koerantartikel die onderstaande opskrif:

**Is daardie matriekbaadjie regtig nodig?**

[30]

**OF**

2.3 **TOESPRAAK**

Dit is jou beste maat se agtiende verjaardag. Sy /haar ouers het vir hom/haar 'n partytjie gereël en het jou gevra om 'n toespraak te maak. In die toespraak moet jy jou maat gelukwens en 'n paar interessante dinge uit sy/haar lewe vertel. Skryf die **informele toespraak neer.**




[30]

**OF**

2.4 **DIALOOG**

Jou ouers wil dinge vir jou toekoms finaliseer en bespreek jou toekomsplanne met jou. Skryf die gesprek nou in **dialoogvorm** neer waarin julle praat oor jou planne na skool en of dit gaan werk of nie. Onthou om te noem waar jy wil studeer of wil reis, ens.



[30]

**TOTAAL AFDELING B : 30**

**AFDELING C : KORTER TEKS : NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

VRAAG 3

- Kies **EEN** vraag en skryf **80 – 100** woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp bo-aan.
- Onthou om te beplan en te redigeer voordat jy die finale poging neerskryf.
- Onthou om die getal woorde onderaan te skryf.

3.1 **INSTRUKSIES**




Jy het by jou ouers toestemming gekry om ná die matriekeksamen 'n partytjie by julle huis te hou. Hulle het egter duidelike instruksies gegee oor wat jy en jou vriende mag doen en nie mag doen nie.

Skryf die **TIEN instruksies** neer wat jou ouers vir jou en jou maats gegee het.

[20]

**OF**

3.2 **ADVERTENSIE**




Jy wil tydens die skoolvakansie ekstra sakgeld verdien. Jy besluit om kinders op te pas terwyl die ouers werk toe gaan.

Stel 'n **advertensie** op waarin jy dié diens adverteer. Noem waarom die ouers op jou kan staatmaak om hulle kinders op te pas, hoeveel jou dienste per dag kos, met watter aktiwiteite jy die kinders besig sal hou en ander relevante inligting.

[20]

**OF**

3.3 **DAGBOEKINSKRYWING**



Jou beste maat het vir jou 'n geheim vertel. Jy kon nie glo wat jy gehoor het nie. Jy mag niemand vertel nie, maar besluit om in jou dagboek te skryf.

- Vertel wat die geheim is.
- Sê hoe jy daaroor voel.

[20]

TOTAAL AFDELING C : 20

SOMTOTAAL : 100